Wie is Oranjekas?

Oranjekas is ’n spaar- en kredietkoöperasie (SKK) wat verskeie dienste aan sy lede bied.

‘n SKK is ’n demokratiese, ledegedrewe, selfhelp koöperasie. Dit word besit deur en beheer met ’n gemeenskaplike doel. Die lede verkies ’n direksie, wat dan ’n bestuur aanwys vir die nodige bestuurfunksies. Die lede verkies ook ’n toesig-houdendekomitee om toesig te hou oor die bedrywighede van die direksie en bestuur.

Die lede kom ooreen om hulle geld in die SKK te spaar en ’n gedeelte van die geld te gebruik vir lenings aan sy lede teen ’n redelike rentekoers.

Rente word gehef teen die lenings om die beleggings se rente te dek, asook vir die ad-ministrasie en bestuur van die SKK.

Daar word geen wins aan buite-instansies uitbe-taal nie en die besluit oor hoe daarmee gehandel moet word, berus by die lede.

Die doel is om aan ekonomiese selfstandigheid as volksbehoefte uitvoering te gee deur dienste op ’n professionele basis aan lede te lewer.

Die volgende produkte word aangebied:

- Spaarrekeninge.
- Vaste Deposito’s.
- Debietkaart vir wêreldwye gebruik.
- Lenings en finansieringsopsies.
- Korttermynversekering makelaarsdienste deur filiaalmaatskappy Kasfin (Edms) Beperk. 1)

1) Geregistreer by RFD (FSB)

Aandeelhouding

- Word deel van Oranjekas deur aandele op te neem en bevestig so u lidmaatskap.
- Minimum aandelevereiste is 5@R100 elk. ’n Jaarlikse administrasiefooi van R50 is ook betaalbaar, plus registrasiefooi op die aandele. Slegs R551,25 maak u dus mede-eienaar van die Oranjekas Koöperatiewe Bank! Lidmaatskap is beperk tot lede van die Volksekonomieklub. (Skakel gerus vir inligting.)
  Oranjekas poog om ’n volkseie instelling te word met registrasie as ’n koöperatiewe bank.
- Hoe meer spaar- en beleggingbydraes, hoe gouer kan dienste voorsien word wat enige kommersiële bank bied.
- Spesiale tariewe kan deur volkseie organi-sasies beding word wat rekeninge open.
- Kom bou saam aan ’n toekoms vir die Afrikaner en vestig ’n eie Volksekonomie!

SPESIALE BELEGGINGSOPSIES

- Neem ekstra aandele op en belê ’n gelyke bedrag teen 11% p.j. vir 36 maande.
- Spesiale Kinderbeleggings tot op ouderdom van 18 jaar teen ’n rentekoers van 8.50% per jaar.
- 48 uur opvraagbare belegging teen 6.25% op bedrae ≥R10 000. Transaksiekoste slegs R20 ongeag die bedrag.
- Slimspaar[1]): Belê ’n kontraktuele vasgestelde maandelikse bedrag (minimum R50) vir 3 of 5 jr. teen rente van prima minus 2% p.j. met verlengingsopsie vir verdere 2 jaar. Onmiddellike beskikbare lening kan te eniger tyd aangegaan word vir 80% van beleggingsaldo op datum teen rente van prima plus 2% p.j. Minimale leningsintreefooi gelykstaande aan ’n maand se beleggingsbedrag (maksimum R500). Leningsdelging maandeliks met finale paaiement op belegging se vervaldatum. [1]) *Prima gekoppel*

Spaarrekeninge

Geen maandelikse fooie nie.

- Betaal net vir transaksies gedoen.
- Maandelikse aftrekopdragte beskikbaar.
- Fondse altyd beskikbaar.
- Gratis telefoniese saldonavraag.
- Rentekoers 3,5% p.j. op saldo’s onder R10 000 en 4,5% op R 10 000 en meer.

Vaste Deposito’s vanaf 21 Julie 2017

Tydperk (maande) → / Bedrag ↓	3 %	6 %	12 %	24 %	36 %	48 en + %
R1 000- R10 000	5.75	6.00	6.25	6.50	7.00	7.25
R10 001- R50 000	6.00	6.25	6.50	6.75	7.25	7.50
R50 001- R100 000	6.25	6.50	6.75	7.25	7.50	8.00
R100 001- R150 000	6.50	6.75	7.25	7.50	8.00	8.50
R150 001- en meer	6.75	7.25	7.50	8.00	8.50	9.00

Pensioenarisse ontvang ’n verdere 0,5%!

Voordele op vaste deposito’s

- Geen maandelikse koste nie.
- State gratis op aanvraag.
- Rente kan maandeliks onttrek of oorplaas
- Geld dadelik beskikbaar aan die einde van die tydperk.
- Koerse gekoppel aan primakoers.
- Aandeelhouding is ’n vereiste.

Ander kostes

Tjeks wissel	Basis R25
Elektroniese navraag	Basis R10

801H062016022017

ORANJEKAS Lenings

Tipes lenings wat aangebied word

- Verbandlenings : Tydperk 10 tot 20 jr.
- Noodlenings : 1 – 3 maande
- Persoonlike lenings: 3 – 36 maande
- Motorfinansiering : 36 – 60 maande
- Studielenings : 1 – 10 jaar
- Bedryfslenings : 1 – 5 jaar
- Batefinansiering : 1 – 5 jaar
- Personeellenings: Oranjekas hanteer administrasie vir ondernemings se personeellenings

"Dit is ons roeping as volk om eendragtig hieraan deel te neem ter wille van ons ekonomiese vryheid in ons eie land."

⋆ Oranjekas is geregistreer by 'n toesig-houdende instansie.
* NCRCP 5204
⋆ Oranjekas se hoogste gesag is sy lede met gelyke stem.
⋆ Wins word aan die aandeelhouers uitgekeer.
⋆ Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief is as koöperasie geregistreer by CIPC met Reg.nr.2009/003378/24.

ORANJEKAS

Bankbesonderhede

Rekening: Oranjekas Spaar en Krediet Ko-op
Bank: Standard Bank
Tipe rekening: Tjek
Rekeningnr.: 27 124 0490
Takkode: 01 05 45 (Silverton)

Kontakbesonderhede

Telefoon: 012-7545454 Faks: 0865 369 953
E-pos: kontak@oranjekas.co.za
Webwerf: www.oranjekas.co.za

Posadres: Posbus 32585, Waverley 0135

Fisiese adres: Oranjekas, Collinslaan 1241, Môregloed 0186 Pretoria

Direksie

Albert du Toit (Voorsitter)
Rudolf Buitendach (Besturende Direkteur)
Henk van de Graaf
Theo Kruger
Prof. Andries van der Merwe
Willem Koekemoer
Marieka Visagé

Toesighoudende Komitee

Werner Roos
Kobus de Jager

Ekonomiese vryheid

ORANJEKAS

Ekonomiese Selfstandigheid

Die Afrikaner verkeer in die huidige bedeling in 'n groot krisis en word op verskeie terreine bena-deel. Dit word al hoe moeiliker om kop bo water te hou. Ons geld word deur vreemdes beheer en bestuur. Ons het die mag oor ons eie geldsake verloor en het nie eens invloed oor die aanwending van ons eie belastings nie.

Die oplossing?

Ekonomiese vryheid!

Die Afrikaner moet sy eie strukture begin skep insluitende die bankwese. Dit is hier waar Oranjekas 'n rol te vervul het deur as finansiële voertuig op te tree vir die Afrikanervolk se geld. Oranjekas is die eerste stap na 'n eie selfstandige volkseie bank!

Sonder 'n voertuig om ons volk se geld na vryheid te bestuur, sal elke poging misluk omdat ekonomiese rugsteun daarvoor nodig is.

Deur as volk self beheer oor sy eie geldsake te hê, word die geleentheid geskep om eerstens goeie, betroubare diens te lewer in ons mooi Afrikaanse taal en tweedens om die wins wat uit die proses gegenereer word, terug te kanaliseer na die volk en sy werksaamhede.

'n Volk red homself! Oranjekas het uit die volk ontstaan en gaan vir die volk bly bestaan.

Neem deel en help so om ons ekonomies vry te kry en later volkome vry.

Ekonomiese vryheid